



KONTIKI

PREPRIMÊR

Posbus 28076 Danhof 9310 • Genl Hertzogstraat 100 Dan Pienaar Bloemfontein
051 436 3370 • kontikipps@telkomsa.net • www.kontiki.co.za •  Visit us on Facebook

BELEID OOR BETALING VAN GRAAD R-DEPOSITO

Goedgekeur deur die Beheerliggaam op 18 April 2018.

1. AGTERGROND

Ouers wat by meer as een skool aansoek doen vir hul kleuters se toelating tot Graad R, kanselleer dikwels baie laat in die jaar of selfs vroeg in die nuwe jaar hul kleuters se plekkie in Kontiki. Kleuters wat op Kontiki se waglys was, is meestal gewoonlik teen daardie tyd reeds by ander skole geholpe. Dit lei tot veelvuldige oop plekke in die Graad R-klasse.

Die Skool lei jaarliks finansiële verliese omdat die Graad R-klasse nie voltallig is nie. Die instel van 'n beleid t.o.v. die betaling van 'n Graad R-deposito het om hierdie rede noodsaaklik geraak.

2. BELEID

Ouers word in September ingelig of die aansoek vir die daaropvolgende jaar suksesvol was, al dan nie. 'n Nie-terugbetaalbare deposito gelykstaande aan een maand van die daaropvolgende jaar se skoolfonds is betaalbaar binne 30 dae na goedkeuring van die aansoek tot Graad R.

Waar ouers versuim om die deposito binne die gegewe tyd te betaal, sal die kind se plekkie verbeur word en moet hulle heraansoek doen.

Die deposito sal aangewend word ter betaling vir die skoolfonds van November tydens die kind se Graad R-jaar. Graad R-leerders se skoolfonds word dus vanaf Januarie tot Oktober betaal, met die deposito wat dien as betaling vir November.

'n Deposito sal verbeur word indien die leerder nie die Graad R-plekkie opneem nie, sy/haar aansoek na betaling van die deposito kanselleer of die skool tydens sy/haar

Graad R-jaar verlaat. Die verbeurde deposito sal dan as 'n inkomste vir die skool erken word.

3. BOEKHOUDING

'n Pro-forma faktuur sal vir die depositos uitgereik word. Met ontvangs van die gelde, word dit te boek gestel teen 'n "Graad R-deposito" debiteurerekening. Dit sal geklassifiseer word as 'n betalingsvooruitontvang (las) vir die huidige jaar. In Januarie van die volgende jaar sal die deposito's oorgedra word na relevante debiteure se rekeninge waar dit sal dien as die betaling van die laaste maand (November van Graad R-jaar) se skoolfonds.

Waar deposito's verbeur is, sal dit in Januarie van die volgende jaar direk na inkomste te boek gestel word, of in die maand wat dit verbeur word, indien later as Januarie, waar 'n kind die skool tydens die jaar verlaat.